

**Donderdag 26 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:1-11**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:3**

**Alleenlik deur die Gees kan ons Christus as Here verkondig**

Sou dit julle verbaas as ons sou sê dat die kerk nie groei omdat ons nie toelaat dat die Gees ons lei nie? Die Bybel is vol van gedeeltes wat daarvan praat dat ons niks goeds kan doen nie, behalwe deur die Gees. Selfs hier in ons voorgelese gedeelte is dit so. As ons dus wil hê dat die kerk moet groei, doen ons dit alleen deur die werk van die Gees.

Die gemeente in Korinte word aangespreek oor die feit dat hulle net klem lê op sekere gawes en ander as minderwaardig beskou. Paulus stel hierdie saak reg deurdat hy hulle daarop wys dat alle gawes van God af kom. Selfs die gawe van geloof (Ef. 2:8-9). As jy gelowig is, dan is dit die gevolg van die werk van die Gees in jou lewe. Ons bely dit in Sondag 3 van die Heidelbergse Kategismus. Ons is tot alle kwaad geneig, behalwe as ons deur die Gees weergebore word.

Daarom, as Paulus ons in hierdie gedeelte leer dat ons alleenlik deur die Gees “Jesus as Here” kan verkondig, dan besef ons werklik hoe afhanklik ons van God is. God gee aan ons die gawe van geloof deur die Gees. Dit is deur een en dieselfde Gees dat ons Jesus as Here nie net kan bely nie, maar ook kan verkondig.

Gelei deur die Gees – en alleen so – kan ons die wêreld ingaan en Jesus Christus verkondig. As ons dus as kerk wil groei, moet ons weet en besef dat dit alleenlik moontlik is deur die kragtige werk van die Heilige Gees in ons lewens wat ons daartoe in staat stel.

*Sing: Psalm 145:11 (1936)*

*Ds. Neville Boy (Thabazimbi)*